Wes-Kaapse Regering

KURRIKULUM VOO

GESKIEDENIS



LEERDERMATERIAAL

2026 KWARTAAL EEN

EKSAMENRIGLYNE VRAESTEL 1

(EEN vraag per onderwerp sal opgestel word)

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE	AFDELING B: OPSTELVRAE
1. Die Koue Oorlog Vraagfokus: Die oorsprong van die Koue Oorlog • Einde van die Tweede Wêreldoorlog (inleiding); waarom het 'n Koue Oorlog ontwikkel? • Die USSR en die VSA en die skepping van sfere van invloed (Stigting van Sowjet-vriendelike regerings in satellietstate; VSA se beleid van inperking; Truman-leer; Marshall-plan; Die Berlynse Krisis 1949–1961; Opponerende militêre alliansies: NAVO en die Warskouverdrag • Wie moet vir die Koue Oorlog blameer word?	**1. Die Uitbreiding van die Koue Oorlog – Gevallestudie: Viëtnam** Vraagfokus: Die tydperke in die oorlog: • 1957–1965 Stryd in Viëtnam tussen die Suid-Viëtnamese weermag en kommunistiese opgeleide rebelle (ook as die Viëtkong bekend) • 1965–1969 Stryd tussen Noord-Viëtnam en die VSA (sluit die aard van die Viëtnamese oorlog teen die VSA in) • Die oorlog vanuit 'n Viëtnamese en Amerikaanse (VSA) perspektief • Die oorlog as 'n globale kwessie • 1969–1975 Die Amerikaanse (VSA)-onttrekking uit Viëtnam (impak op die Amerikaanse (VSA) politieke studente-bewegings)
2. Onafhanklike Afrika Vraagfokus: Afrika in die Koue Oorlog: Gevallestudie: Angola • Angola: kolonialisme en onafhanklikheid • Uitbreek van burgeroorlog in 1974 (MPLA, FNLA en UNITA) • Redes vir en aard van betrokkenheid by Angola (USSR, VSA, Kuba, China, Suid-Afrika); impak op streekstabiliteit • Betekenis van die Slag van Cuito Cuanavale 1987 en 1988	**2. Onafhanklike Afrika** Vraagfokus: Hoe is onafhanklikheid in die 1960's en 1970's in Afrika verwesenlik? Gevallestudie: Die Kongo • Wat was die idees wat die Kongo beïnvloed het? • Polities (tipe leier, nalatenskappe van kolonialisme, tipe regering, politieke stabiliteit en onstabiliteit) • Ekonomies (tipe ekonomie) • Sosiale en kulturele suksesse/uitdagings wat die Kongo in die gesig gestaar het (voordele van onafhanklikheid, onderwys, Afrikanisering)
3. Burgerlike verset uit die 1950's tot die 1970's Vraagfokus: Die Amerikaanse Burgerregte-beweging • Redes en oorsprong van Burgerregtebeweging in die VSA • Rol, impak en invloed van Martin Luther King Jr.; die invloed van passiewe weerstand (Gandhi) op Martin Luther King Jr. • Vorme van protes deur burgerlike ongehoorsaamheid: Montgomery Bus-boikot; sitstakings; Vryheidsryers; veldtogte en optogte, Birmingham-veldtog, die optog na Lincoln-gedenkteken, Vryheidsomer en die Selma-Montgomery-optogte ingesluit • Skooldesegregasie: gevallestudie Little Rock Arkansas (as deel van betogingsvorme OF as 'n gevallestudie) • Korttermyn- en langtermynvoordele	**3. Burgerlike verset uit die 1950's tot die 1970's** Vraagfokus: Die Swartmagbeweging • Redes vir die Swartmagbeweging • Stigting van die Black Panther-party • Rolle van Malcolm X, Stokely Carmichael, Huey Newton en ander swart Amerikaner aktiviste • Korttermyn- en langtermynvoordele

KOGNITIEWE VLAKKE EN VRAE

VLAK 1

1. **Gee** redes uit die bron **waarom …**
2. **Haal** … bewyse / redes uit die bron aan …
3. **Watter** bewyse in die bron **dui aan ...**
4. **Noem / Lys** ... enige lande / persone / magte / versoeke vanuit die bron ...
5. Volgens die bron**, noem...**
6. **Wie,** volgens die bron...
7. **Wanneer,** volgens die bron...
8. **Waarom,** volgens die bron...
9. **Wat,** volgens die bron...
10. **Watter** … volgens die bron …
11. **Hoe,** volgens die bron ...
12. **Identifiseer** in die bron...
13. **Gee enige** … in die bron …
14. **Lys** enige.../ **Maak 'n lys** van... uit die bron
15. **Volgens die bron** …
16. **Definieer** (in konteks of jou eie woorde)...

VLAK 2

1. **Lewer kommentaar** op die slagspreuk/betekenis/implikasie van die stelling...
2. **Lewer kommentaar oor hoekom**...
3. **Verduidelik** die term/konsep …
4. **In konteks van**... verduidelik die term/konsep...
5. **In konteks van**... wat geïmpliseer word
6. **In konteks van**... watter gevolgtrekking kan uit die foto/spotprent gemaak word.
7. **Verduidelik waarom/hoe**...
8. **Verduidelik** die boodskappe/betekenisse
9. **Verduidelik wat die spotprenttekenaar bedoel met**...
10. **Waarom** , dink jy...
11. **Hoekom het** die…
12. **Gebruik die inligting in die bron** en jou **eie kennis** en **lewer kommentaar** op die stelling...
13. **Gebruik die inligting in die bron** en jou **eie kennis**, **verduidelik hoekom** ...
14. **Waarna verwys** die stelling ...
15. **Wat word bedoel** met...
16. Wat is die **simboliese voorstelling**...
17. Wat word **geimpliseer**

VLAK 3

1. **Lewer kommentaar oor die bruikbaarheid** van hierdie bron vir ‘n historikus wat navorsing doen oor...
2. **Verduidelik die betroubaarheid** van die bron aan 'n navorser wat die...
3. **Lewer kommentaar op die beperkings** van hierdie bron vir ‘n historikus wat navors...
4. **Bestudeer Bronne # en #.** Verduidelik hoe Bron **# verskil** van Bron # met betrekking tot die...
5. **Verwys na Bronne # en #.** Verduidelik hoe die bewyse in Bron # die inligting in Bron **# ondersteun met betrekking tot**
6. Gebruik die inligting in die bronne en jou eie kennis en **skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik ...** [sleutelvraag word ingevoeg].

SKANDEER MY

Voor en ná elke sessie

DATUM	SATERDAG, 21 FEBRUARIE 2026



KONSEP	DEFINISIE
Koue oorlog	
Kommunisme	
Kapitalisme	
Ystergordyn	
Inperking	
Truman-leerstelling	
Marshall-plan	
Berlynse blokkade	
Die Berlynse Muur	

VRAAG 1: HOE HET DIE VERSPREIDING VAN KOMMUNISME IN EUROPA NÁ DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG (1945) TOT KOUE OORLOG-SPANNING TUSSEN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) EN DIE SOWJETUNIE (USSR) GELEI?

BRON 1A

Die uittreksel hieronder is uit die 'Iron Curtain'('Ystergordyn')-toespraak wat op 5 Maart 1946 deur die Britse Premier, Winston Churchill, by Westminster College in Fulton, Missouri, gelewer is. Dit fokus op die bedreiging wat Sowjet- ekspansionisme in Europa ingehou het.

Niemand weet wat Sowjet-Rusland en hulle kommunistiese internasionale organisasie beplan om in die nabye toekoms te doen nie, of wat die beperkings, indien enige, van hulle uitbreidingsdrang (vergroting) is nie.

Vanaf Stettin in die Oossee tot Triëst in die Adriatiese See het 'n 'Iron Curtain' (Ystergordyn) oor die kontinent neergedaal. Al die hoofstede van die antieke state van Sentraal- en Oos-Europa lê agter daardie lyn. Warskou, Berlyn, Praag, Wene, Boedapest, Belgrado, Boekarest en Sofia, al hierdie beroemde stede en die bevolkings daar rondom, lê in wat ek die Sowjet-sfeer moet noem. Almal is, in een of ander vorm, nie net aan Sowjet-invloed nie, maar ook tot 'n baie hoë, en in sommige gevalle, toenemende mate, aan beheer van Moskou af onderwerp.

Slegs Athene – Griekeland met hulle onsterflike (ewige) grootsheid – is vry om met 'n verkiesing, onder Britse, Amerikaanse en Franse waarneming, oor hulle toekoms te besluit. Die Russies-gedomineerde Poolse regering is aangemoedig om enorme en verkeerdelike indringing in Duitsland te maak en massa-uitsettings (verwydering) van miljoene Duitsers op 'n ernstige (kritieke) en ongehoorde skaal is nou besig om plaas te vind. Die kommunistepartye wat in al hierdie oostelike state van Europa baie klein was, is tot superioriteit (dominansie) en mag ver bo hulle getalle verhef en soek oral om totalitêre beheer te verkry.

[Uit *Book of Great Speeches* deur A Burnet]

Stap 1: Identifiseer die 5 W's in die bron (WIE, WAT, WAAR, WANNEER en WAAROM)

Stap 2: Beantwoord die volgende vrae

1.1. Verwys na Bron 1A.

1.1.1 **Waaroor, volgens die bron,** was Britse Premier Winston Churchill besorg rakende die bedoelings van die Sowjetunie en hulle kommunistiese internasionale organisasie? (1 X 2) (2)

Vlak 1 vrae
Hierdie tipe vrae verwag **direkte aanhalings**– wat jy in die bron sien **skryf PRESIES soos jy dit sien** ('kopieer en plak'),

1.1.2 **Definieer** die konsep *'Iron Curtain' (Ystergordyn)* in **jou eie woorde.**

(1 X 2) (2)

Vlak 1 definisies
Daar is EEN definisievraag ('definieer in jou eie woorde') – **dit MOET in jou eie woorde beantwoord word** (selfs al is die betekenis in die bron).

1.1.3 **Identifiseer enige TWEE** beroemde stede in die bron, wat onder die Sowjet-invloedsfeer lê. (2 X 1) (2)

1.1.4 **Lewer kommentaar op waarom jy dink** Britse Premier Churchill bekommerd was oor die opkoms en dominansie van kommunistiesepartye in die oostelike state van Europa. (1 X 2) (2)


Vlak 2 vrae
- Een definisievraag **gevra binne konteks** van die bron.
- Antwoord in jou **eie woorde.**

1.1.5 **Verduidelik waarom 'n geskiedkundige hierdie bron as betroubaar** sou beskou om die bedreiging wat Sowjet-ekspansionisme in Europa ingehou het, te verstaan.. (2 x 2) (2)

BETROUBAARHEID
- Hoe akkuraat en betroubaar die bron is.
- Wie het die bron geskep, en hoekom?
- Is dit destyds gemaak (eerstehandse bewyse) of later?
- Het die skepper enige vooroordele?

BRON 1B

Die visuele bron hieronder, deur die Britse spotprenttekenaar Illingworth, het op 16 Junie 1947 in *The Daily Mail* verskyn. Dit beeld Stalin se beleid van ekspansionisme in Oos-Europa uit.



[Uit *The Daily Mail*, 16 Junie 1947]

GRIEKELAND

TURKYE

FRANKRYK

ONTLEDING VAN 'N SPOTPRENT
Dink aan die volgende:

- **Wie** het die bron geteken?
- **Oor wie** handel die bron?
- **Wat** is die hoofgedagte van hierdie bron?
- **Watter** probleme/konflikte word in hierdie bron genoem?
- **Wanneer** is hierdie bron geteken?
- **Waar** vind die gebeure wat in die bron genoem word plaas?
- **Waarom** dink jy is hierdie bron geteken?
- **Hoe** vind die gebeure wat in die bron uitgebeeld word plaas?

1.2. Bestudeer Bron 1B.

1.2.1 **Lewer kommentaar** op hoe Stalin in die spotprent uitgebeeld word. (2 X 2) (4)

1.2.2 **Gebruik die bewyse in die bron en jou eie kennis en verduidelik** waarom kommunisme nie na die volgende lande uitgebrei het nie:

a). Griekeland en Turkye (1 X 2) (2)

b) Frankryk (1 X 2) (2)

BRON 1C

Die bron hieronder is geneem uit 'n artikel met die titel 'Kissinger and Acheson: The Secretary of State and the Cold War', deur W Lafeber, wat in 1977 verskyn het. Dit lê klem op die rol wat Dean Acheson, Adjunkminister van Buitelandse Sake gedurende George Marshall se administrasie, gespeel het om Amerika te beïnvloed om die verspreiding van kommunisme in Europa te keer.

Vroeg in 1947, met Byrnes uit en George Marshall in as die Minister van Buitelandse Sake, het die anti-kommunistiese regerings van Turkye en Griekeland daarop aanspraak gemaak dat hulle onder erge Sowjet-druk was en nie hulle eie oorlewing kon waarborg nie. Oortuig daarvan dat Amerika die Turkse en Griekse regerings moes help, het die staatsadministrasie nietemin voor die moeilike taak gestaan om 'n fiskaal (finansieel) versigtige Kongres te oortuig om die bystand te verleen wat nodig was om hierdie regerings te ondersteun.

Truman het op 27 Februarie 'n vergadering tussen administrasie-amptenare en 'n handjievol vooraanstaande senatore en Kongreslede belê in die hoop dat die wetgewers oorreed kon word. Dean Acheson het hierdie ontmoeting beskryf as 'Armageddon' ('n term gebruik om die einde van die wêreld te beskryf). Marshall het eerste gepraat en die noodsaaklikheid van Amerikaanse optrede beklemtoon omdat dit die regte ding was om te doen en omdat niemand anders wou help nie. Die wetgewers het onwrikbaar (onbeweeglik) gelyk. Was dit Amerika se geveg? Sou die rekening (koste) waarskynlik enorm (baie groot) wees? Acheson het gevra om te praat.

Hy het onmiddellik die aard van die debat verander. Hy het gesê dat die krisis in suidoos-Europa nie 'n plaaslike onderonsie (klein bakleiery) was nie, maar een wat die twee Koue Oorlog-magte behels het. Die Sowjette was besig om Turkye en Griekeland onder druk te plaas. 'n Groot gedeelte van die Vrye Wêreld was op die spel. As Griekeland kommunisties sou word, sou die korrupsie almal na die oostekant van Griekeland besmet (beïnvloed). Dit sou ook Afrika deur Klein-Asië, en Europa deur Italië en Frankryk, beïnvloed. Slegs Amerika het in die pad van 'n kommunistiese aanslag (aanval) gestaan, wat, indien dit suksesvol sou wees, vryheid sou onderdruk en alle hoop op ekonomiese herstel in dele van drie kontinente sou vernietig.

[Aangepas uit 'Kissinger and Acheson: The Secretary of State and the Cold War' deur W Lafeber]

Identifiseer die 5 W's in die bron (WIE, WAT, WAAR, WANNEER en WAAROM)

1.4 **Gebruik Bron 1A en Bron 1C.** Lewer **kommentaar op hoe die inligting in Bron 1A die bewyse in Bron 1C** met betrekking tot die verspreiding van kommunisme in Europa ná die Tweede Wêreldoorlog ondersteun. (2 X 2) (4)

NEEM KENNIS

- Soek bewyse uit beide bronne wat mekaar ondersteun. Dit kan gedoen word deur die inligting **wat mekaar ondersteun**, uit te lig. Verwys na beide bronne in jou antwoord:
- In Bron 1B noem dit ...
- In Bron 1C wys dit ...
- Albei bronne beklemtoon ...

BRON 1D

Die uittreksel hieronder is uit The Oxford Illustrated History of Modern Europa, wat in 1996 deur TCW Blanning geredigeer is. Dit fokus op hoe die Sowjetunie die Kominform geskep het in reaksie op die Marshall-plan en ook om hulle invloedsfeer oor Oos-Europa te versterk.

Die Russe het 'n afvaardiging van tagtig mense na Parys gestuur waar die Europese Herstelprogram (Marshall-plan) in hooftrekke beskryf is en Oos-Europese lande, soos Tsjeggo-Slowakye en Pole, besondere belangstelling getoon het. Maar Stalin het die Amerikaanse aanbod as 'n uitdaging teen sy invloedsfeer beskou. Hy het die Tsjegge en andere teen deelname gewaarsku en die Sowjet-afvaardiging onttrek.

Hy het daardie herfs 'n ideologiese oorlog teen Westerse kapitalisme verklaar en die Kominform (die Kommunistiese Inligtingsburo) geskep om buitelandse kommunistepartye te orkestreer (stig) en om die koalisionis(saamwerk)-strategie in Frankryk en Italië met stakings te vervang wat bedoel was om die regerings tot 'n val te bring. In die Ooste het Sowjet-invloed nou Sowjet-dominansie geword. Die magsgreep in Februarie 1948 in Tsjeggo-Slowakye is deur die 'Stalinisasie' van 'n groot gedeelte van die streek opgevolg. Almal, behalwe kommuniste, is verbied (verban). Diegene wat onafhanklik van Moskou was, is verwyder (ontslae raak), landbou en swaar nywerhede is onder staatsbeheer gebring, en burgerlike en politieke vryhede is stelselmatig opgehef (afgeskaf).

Die Tsjeggiese magsgreep en die Berlynse Krisis het baie skade aan die Sowjet-beeld in Europa gedoen, selfs in Frankryk waar die Kommunisteparty steeds 'n kwart van die stemme in verkiesings gekry het. Ewe belangrik was dat Marshall-hulp, wat baie goed geadverteer is, harte en sienswyses gewen het. Tussen 1948 en 1951 het Amerika ongeveer $13 miljard in Wes-Europa ingestoot …

[Uit The Oxford Illustrated History of Modern Europe, geredigeer deur TCW Blanning]

Stap 1: Identifiseer die 5 W's in die bron (WIE, WAT, WAAR, WANNEER en WAAROM)


Stap 2: Beantwoord die volgende vrae

1.6	Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe die verspreiding **van kommunisme in Europa ná die Tweede Wêreldoorlog (1945) tot Koue Oorlog-spanning tussen die Verenigde State van Amerika (VSA) en die Sowjetunie (USSR) gelei het.**	(8)

NEEM KENNIS

- Skryf slegs EEN paragraaf
- As jy twee paragrawe skryf, merk die merker net die eerste deel.
- MOENIE IN PUNTVORM SKRYF NIE
- Moenie inligting uit die bronne onttrek nie. Skryf die inligting uit die bronne in jou eie woorde.
- Lees en ontleed die bronne en kyk watter inligting/bewyse hulle oor die SLEUTELVRAAG gee.
- Let op: die SLEUTELVRAAG is jou onderwerpsin.
- Gebruik eie kennis om die inligting wat die bronne gee aan te vul.

Uitbreiding van die Koue Oorlog: Gevallestudie:
Viëtnam en die fases van die oorlog



Die Vietnam-oorlog

Voorbeeldvraag:

WAT WIE

Militêre strategieë wat deur die Amerikaanse weermag toegepas is, kon nie daarin slaag om tussen 1962 en 1973 'n klein toegewyde weermag van Viëtkong-guerillas in die Viëtnam-oorlog te verslaan nie.

WANNEER WAAROM

Stem jy met die stelling saam? Ondersteun jou antwoord met relevante historiese bewyse WAAR

Identifiseer die:

WIE	
WAT	
WAAR	
WANNEER	
WAAROM	

Skryf nou die inleiding:

Bespreek krities...	**Stem jy saam…**	**Tot watter mate…**
Besluit wat die belangrikste feite is en regverdig/verdedig/ staaf hoe jy tot hierdie gevolgtrekking gekom het/ toon voordele en nadele/ positiewe en negatiewe/ goed en sleg/ suksesse en mislukkings?	'n Verklaring sal gegee/verstrek word. Daar word van jou verwag om een kant te kies en daarby te hou, dus saam te stem/verskil en bewyse te verskaf oor hoekom jy dit doen.	Noem die mate waarin iets waar is. Hierdie vraag vra vir die volledige beoordeling van bewyse.
Al die militêre mag van die Verenigde State van Amerika se weermag kon nie 'n klein nasie van Viëtnamese kleinboere verslaan nie verslaan nie. **Bespreek hierdie stelling krities** in die konteks van die militêre strategieë wat beide die VSA en die Viëtkong tussen 1963 en 1973 in Viëtnam gebruik het.	Die onttrekking van soldate uit Viëtnam het die nederlaag van die Amerika se beleid van inperking aangedui. **Stem jy saam** met die stelling? Motiveer jou antwoord deur relevante bewyse uit die tydperk 1965 tot 1975 te gebruik.	**Verduidelik tot watter mate** die Verenigde State van Amerika suksesvol was om die verspreiding van kommunisme in Viëtnam in die tydperk 1965 – 1975 te beperk.

Beantwoord die vraag:	Ja, hierdie opstel stem saam met die stelling dat…… (gebruik die 5w's)


DATUM	SATERDAG, 14 MAART 2026
Waarom is dit so:	Gee 'n rede waarom jy so sê
Wat gaan jy bespreek:	Gee so 2/3 voorbeelde van wat in jou opstel gaan kom

Hoe om my paragrawe te skryf:

P – Punt	V - Verduidelik	B - Bewyse	S – Skakel
• Gebruik Wat en Wie • Wat is my hoofpunt? • Wie is betrokke?	• Gebruik Wanneer, Waar en Wat het gebeur • Wanneer het dit gebeur? • Waar het dit gebeur? • Wat het gebeur wat my punt bewys?	• Gebruik Waarom en Hoe • Waarom is die bewyse belangrik? • Hoe ondersteun dit my punt?	• Skakel terug na die vraag. • Wys hoe jou punt die vraag beantwoord.

Slot:

Bevestig weer die argument:	Daarom kan daar geargumenteer word dat…. (gebruik weer 5w's van inleding)
Gee 'n rede daarvoor:	Gee 'n rede vir jou argument, gebruik een van die voorbeelde in die opstel



KONSEP	DEFINISIE
Burgerregte	
Integrasie	
Jim Crow-wette	
Burgerregtebeweging	
Segregasie	
Desegregasie	
Diskriminasie	
Burgerlike Ongehoorsaamheid	
Passiewe weerstand	

VRAAG 3: HOE HET DIE NIE-GEWELDDADIGE PROTES VAN DIE BURGERREGTEBEWEGING GESLAAG OM SEGREGASIE IN BIRMINGHAM UIT TE DAAG?

BRON 3A

Die bron hieronder is geneem uit die *Ensiklopedie van Afro-Amerikaanse Politiek* deur R.C. Smit. Dit fokus op die strategieë wat deur burgerregte-aktiviste aangeneem is, asook die impak van hul optrede tydens die Birmingham-veldtog.

Birmingham – die staat se grootste stad met 'n bevolking van 300 000 (40 persent swart) – het 'n nasionale reputasie gehad vir gewelddadige onderdrukking van die plaaslike Burgerregtebeweging. Die polisiekommissaris, Eugene "Bull" Connor, het sterk steun van plaaslike politici gehad en is deur 'n groot deel van Birmingham se wit bevolking gesteun in sy brutale pogings om segregasie in die Vryheidsritte te handhaaf. Tussen 1957 en 1963 was daar meer as vyftig bomaanvalle op huise en besighede in die SWART GEMEENSKAP, wat die stad die bynaam "Bombingham" besorg het.

Op 3 April 1963 het Martin Luther King 'n veldtog begin om segregasie te beëindig deur middel van optogte, direkte aksies, sitbetogings by middagete-toonbanke dwarsdeur Birmingham se middestad en 'n boikot van handelaars in die middestad. In Mei het hy optogte georganiseer waarby skoolkinders wat in groot getalle in hegtenis geneem is, betrokke was. 'n Simboliese oomblik het gekom toe Martin Luther King self op Goeie Vrydag (12 April 1963) in hegtenis en gevange geneem is. King is in eensame opsluiting geplaas en het op stukkies papier, wat in sy sel gesmokkel is, sy beroemde "Brief uit Birmingham-tronk" geskryf, wat sy filosofie uiteengesit het dat individue 'n morele plig het om onregverdige wette te verontagsaam.

Die aktiviste het gewelddadige teenkanting van wit verregses (rassiste) in die Birmingham-protesoptogte in die gesig gestaar. Soos hierdie protesoptogte tot in Mei voortgeduur het, het dit media-aandag regoor Amerika en regoor die wêreld getrek toe televisiekameras die polisie afgeneem het wat honde en brandslange teen betogers, insluitend kinders, gebruik het.

Die gebeure het President Kennedy gedwing om direk in te gryp in onderhandelinge tussen swart leiers en sakemanne, wat gelei het tot 'n ooreenkoms om openbare fasiliteite binne negentig dae te desegregeer. Die sukses in Birmingham het verdere geweldlose protesoptogte regoor Amerika aangemoedig, wat uiteindelik gelei het tot die aanvaarding van die Wet op Burgerregte (1964) wat rassediskriminasie in die openbare lewe in alle state verbied het, maar ook beduidend bygedra het tot die verandering van houdings teenoor rasseverhoudinge by baie mense, veral buite die Suidelike state.

Uit: *Ensiklopedie van Afro-Amerikaanse Politiek* deur R.C. Smit

Stap 1: Identifiseer die 5 W's in die bron (WIE, WAT, WAAR, WANNEER en WAAROM)

Stap 2: Beantwoord die volgende vrae

3.1 Lees Bron 3A.

3.1.1 **Identifiseer** die Polisiekommissaris in Birmingham. (1 x 1) (1)

3.1.2 **Haal VIER** protesmetodes uit die bron aan wat deur die Birmingham-veldtog gebruik is om segregasie te beëindig. (4 x 1) (4)

3.1.3 **Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis** om te verduidelik wat King bedoel het toe hy geskryf het dat "individue 'n morele plig het om onregverdige wette te verontagsaam". (1 x 2) (2)

3.1.4 **Lewer kommentaar op die implikasies** van die media-dekking van die gebruik van polisie honde en brandslange teen betogers tydens die Birmingham-veldtog, met betrekking tot: (2 x 2) (4)

NEEM KENNIS
Die term ***IMPLIKASIE*** verwys na **die moontlike resultate, gevolge of betekenisse** wat voortspruit uit iets wat gesê of gedoen is.

Wanneer jy 'n implikasie ontleed, vra jouself af:
- Waarop dui die stelling of wat dui dit aan?
- Hoe kan hierdie stelling die situasie, mense of breër konteks beïnvloed?

Hoe om 'n vraag oor implikasies te beantwoord:
- Verstaan die konteks: Ontleed die agtergrond en die spreker se motiewe.

a) Amerika (1 x 2) (2)
b) die wêreld (1 x 2) (2)

3.1.5 **Wat, volgens die bron,** was die resultaat van die onderhandelinge tussen swart leiers en sakemanne in Birmingham? (1 x 2) (2)

BRON 3B

Die volgende bron is geneem uit *Eyes on the Prize: America's Civil Rights Years, 1954-1965* deur J. Williams. Dit bespreek die intervensie deur die Amerikaanse federale regering.

President Kennedy, wat 'n vinnige skikking [in Birmingham] wou hê, het die Amerikaanse assistent-prokureur-generaal, Burke Marshall, op 4 Mei 1963 na Birmingham gestuur om onderhandelinge tussen King en die stad se sakeleiers aan te moedig. Marshall het verneem dat die meeste van Birmingham se wit leiers nie met swartes gepraat het nie en dat die wit sakegemeenskap nie met Bull Connor en sy polisiedepartement gepraat het nie.

Die federale assistent het King gevra watter toegewings hy van die blankes van Birmingham wou hê. Marshall onthou dat King gesê het hy was regtig nie seker nou dat die proteste onbeheerbaar toegeneem het nie; die veldtog se oorspronklike doelwit, desegregasie van winkels in die middestad, het nou te klein gelyk. "Swartes wou integrasie in elke aspek van die stadslewe hê," het King gesê. Maar op Marshall se aandrang het King ingestem dat die slotsom die desegregasie van middagetetoonbanke in winkels in die middestad bly. Met die geskil oor die nuwe stadsregering se legitimiteit steeds hangende in die hof, het dit van die private sektor afgehang om 'n skikking uit te werk.

Marshall het die stad se voorste sake-eienaars genader en King se eise voorgelê. Hy het 'n handelsgroep genaamd die *Senior Citizens Committee* ontmoet. Die groep het ongeveer sewentig persent van Birmingham se besighede verteenwoordig en ongeveer tagtig persent van die stad se werkers in diens gehad. Uit vrees vir skade aan winkels in die middestad het die sakeleiers die onderhandelinge bespoedig. Nadat beide kante 'n dag van wapenstilstand verklaar het en die strate skoongemaak het, het die handelaars ooreengekom om middagetetoonbanke te desegregeer en swart werkers in klerklike en verkoopsposisies aan te stel. Joseph Rauh, 'n prokureur vir die *United Auto Workers* (UAW) vakbond en 'n langdurige burgerregte-aktivis, het gereël dat die UAW en ander vakbonde 'n borgtogfonds skep om die vrylating van die 800 swart mense wat steeds in die tronk was, te verseker. Op Maandag 10 Mei is die ooreenkoms tydens twee afsonderlike nuuskonferensies aan die publiek aangekondig.

[Uit: *Eyes on the Prize: America's Civil Rights Years, 1954-1965* deur J. Williams]

Stap 1: Identifiseer die 5 W's in die bron (WIE, WAT, WAAR, WANNEER en WAAROM)

Stap 2: Beantwoord die volgende vrae

3.2 Raadpleeg Bron 3B.

3.2.1	**Hoe** het President Kennedy, **volgens die bron**, in Birmingham ingegryp?	(1 x 1)	(1)
3.2.2	**Definieer die konsep** *desegregasie* in jou **eie woorde.**	(1 x 2)	(2)
3.2.3	**Watter gevolgtrekking kan jy maak uit die stelling**: "Swartes wou integrasie in elke aspek van die stadslewe hê," in die konteks van Birmingham?	(2 x 2)	(4)

NEEM KENNIS
Om 'n gevolgtrekking te maak beteken om die boodskap van die stelling te verwoord. Dit is die boodskap wat jy verstaan nadat jy die stelling mooi deurgelees het.

3.2.4 **Noem** twee suksesse wat die betogers na die onderhandelinge behaal het. (2 x 1) (2)

BRON 3C

Die foto hieronder is op 10 Mei 1963 buite die A.G. Gaston Motel in Birmingham, Alabama, geneem. Amerikaanse burgerregteleiers Martin Luther King, Jr. (sit middel-links), Fred Shuttleworth (sit in die middel) en Ralph Abernathy (sit middel-regs) hou 'n gesamentlike perskonferensie om die "Birmingham Wapenstilstand-ooreenkoms" aan te kondig, 'n ooreenkoms wat tussen die burgerregteleiers en die stad se sakeleierskap bereik is.



[From https://brewminate.com -civil-rights-movement/. Accessed on 21 January 2025.]

ONTLEDING VAN 'N FOTO
Dink aan die volgende:

- **Wie** het hierdie bron geskryf?
- **Oor wie** handel hierdie bron?
- **Wat** is die hoofgedagte van hierdie bron?
- **Watter** probleme/konflikte word in hierdie bron genoem?
- **Wanneer** is hierdie bron geskryf?
- **Waar** vind die gebeure wat in die bron genoem word plaas?
- **Waarom** dink jy is hierdie bron geskryf?
- **Hoe** vind die gebeure wat in die bron genoem word plaas?

3.3 Bestudeer Bron 3C.

3.3.1 **Lewer kommentaar** oor hoekom jy dink die foto geneem is. (2 x 2) (4)

3.3.2 Verduidelik waarom 'n historikus die bron **bruikbaar** sou vind wanneer hy/sy die Birmingham-veldtog ondersoek. (2 x 2) (4)

NEEM KENNIS

Bruikbaarheid

- Verskaf hierdie bron relevante inligting?
- Wie het die bron geskep, en hoekom?
- Is dit destyds gemaak (eerstehandse bewyse) of later?
- Gee dit insig in mense se gedagtes, gebeure of perspektiewe?

3.4 Gebruik Bronne 3B en 3C. **Verduidelik hoe hierdie bronne mekaar ondersteun rakend**e die leiers se pogings om die middestad van Birmingham tydens die Birmingham-veldtog te desegregeer. (2 x 2) (4)

NEEM KENNIS

- Soek bewyse uit beide bronne wat mekaar ondersteun. Dit kan gedoen word deur die inligting **wat mekaar ondersteun**, uit te lig. Verwys na beide bronne in jou antwoord:
- In Bron 3B noem dit ...
- In Bron 3C wys dit ...
- Albei bronne beklemtoon ...

BRON 3D

Die bron hieronder beskryf die stappe wat deur die Amerikaanse Kongres geneem is om diskriminasie van Afro-Amerikaners wettiglik te beëindig. Die wetgewende reaksie van die Amerikaanse regering is grootliks beïnvloed deur die geweldlose proteste in Birmingham.

Die nasionale media-aandag het gehelp om die ywer (vurigheid) van die Birmingham-veldtog ver buite die stad se grense te versprei. Die nasionale demonstrasies, internasionale druk en binnestedelike onluste het gevolg in die nasleep van die ooreenkoms. Hierdie aksies het 'n teësinnige Kennedy-administrasie oortuig om ingrypende hervormings voor te stel wat die Kongres uiteindelik as die Burgerregtewet van 1964 aangeneem het. Met hierdie wetgewing het die burgerregtebeweging sy doelwitte bereik om toegang tot openbare akkommodasie en gelyke werksgeleenthede te verkry, en sodoende die instemming (konformiteit) met wit oppergesag te beëindig en die stelsel oop te stel vir Afro-Amerikaners en ander minderhede.

Wit vigilantes het probeer om die rassehervormings te dwarsboom (saboteer) deur terreine wat verband hou met die burgerregtestryd te bombardeer. Toe die hofbevel van skooldesegregasie in September 1963 in die stad aangebreek het, het Klanslede die Sestiende Straat Baptistekerk gebombardeer en vier swart meisies doodgemaak. Slegs met die implementering van die Burgerregtewet, wat die volgende jaar aangeneem is, het die stad heeltemal desegregasie aanvaar...

Toe die Kongres die Stemregwet in 1965 aangeneem het, het baie Afro-Amerikaners in Birmingham vir die eerste keer die reg gehad om te stem, wat 'n transformasie in die plaaslike politiek voorspel het. Alhoewel lede van die swart middelklas en werkersklas toegang tot die stelsel geniet het, het baie Afro-Amerikaners uitgesluit gebly, omdat hulle min voordeel getrek het uit die hervormings wat in Birmingham gewen is. Nietemin het die aanstelling van Arthur Shores in die stadsraad in 1968 en die verkiesing van Richard Arrington as burgemeester in 1979 die mag van die groeiende swart kiesers en die sukses van swart politieke bemagtiging wat direk uit die Birmingham-veldtog gegroei het, verteenwoordig.

[Uit: https://www.bing.com/search?q=birmingham+campaign+events&gs. Toegang verkry op 10 Januarie 2025.]

3.5 Gebruik Bron 3D.

3.5.1	**Gee** TWEE doelwitte wat bereik is met die aanvaarding van die Burgerregtewet van 1964.	(2 x 1)	(2)
3.5.2	**Waarom dink jy het** "wit vigilantes probeer om die rassehervormings te dwarsboom deur terreine wat verband hou met die burgerregtestryd te bombardeer"?	(2 x 2)	(4)
3.5.3	**Verduidelik** die konsep *hervormings* **in die konteks** van Birmingham in die VSA in die 1960's.	(1 x 2)	(2)


3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis om 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) te skryf waarin jy **verduidelik hoe die nie-gewelddadige proteste van die burgerregtebeweging daarin geslaag het om segregasie in Birmingham uit te daag.** (8)

Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:

VLAK 1	• Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. toon geen of min begrip van hoe die geweldlose proteste van die burgerregtebeweging daarin geslaag het om segregasie in Birmingham uit te daag. • Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie.	**PUNTE 0–2**
	• Bronne kan nie bloot herskryf word nie; • Broninligting moet geparafraseer word. • As bronne bloot herskryf word, is dit 'n onmiddellike L1 = 0 • Indien puntvorm gebruik word, mag nie hoër as vlak 1 toegeken word nie	
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou tot 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. toon 'n mate van begrip van hoe die geweldlose proteste van die burgerregtebeweging daarin geslaag het om segregasie in Birmingham uit te daag. • Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf.	**PUNTE 3–5**
VLAK 3	• Gebruik relevante bewyse bv. demonstreer 'n deeglike begrip van hoe die geweldlose proteste van die burgerregtebeweging daarin geslaag het om segregasie in Birmingham uit te daag. • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat begrip van die onderwerp toon.	**PUNTE 6–8**
	• Leerders MOET beide inligting uit bronne en hul eie kennis hê (TEN MINSTE 2 EIE KENNISPUNTE)	

- **INDIEN VERSKEIE PARAGRAWE GESKRYF WORD – MERK DIE EERSTE PARAGRAAF (IGNOREER DIE RES).**
- **MOENIE PENALISEER AS NIE NA BRONNE VERWYS WORD NIE.**

Burgerlike Protesoptogte van die 1950's tot die 1970's
Vraagfokus: Swartmagbeweging



Die Swartmagbeweging:

Voorbeeldvraag:



Verduidelik tot watter mate die Swartmagfilosofie suksesvol was om eietrots (selftrots) en dryfkrag (moed) by swart Amerikaners te kweek om gedurende die 1960's en die 1970's segregasie en polisiewreedheid in die Verenigde State van Amerika te konfronteer. Ondersteun jou argument met relevante historiese bewyse.

Identifiseer die:

WIE	
WAT	
WAAR	
WANNEER	
WAAROM	

Skryf nou die inleiding:

Bespreek krities...	**Stem jy saam…**	**Tot watter mate…**
Besluit wat die belangrikste feite is en regverdig/verdedig/ staaf hoe jy tot hierdie gevolgtrekking gekom het/ toon voordele en nadele/ positiewe en negatiewe/ goed en sleg/ suksesse en mislukkings?	'n Verklaring sal gegee/verstrek word. Daar word van jou verwag om een kant te kies en daarby te hou, dus saam te stem/verskil en bewyse te verskaf oor hoekom jy dit doen.	Noem die mate waarin iets waar is. Hierdie vraag vra vir die volledige beoordeling van bewyse.
Die Swartmagbeweging was gemoeid met die bevordering van swart mag, die vestiging van swart trots en die ontwikkeling van selfrespek onder AfroAmerikaners. Bespreek hierdie stelling krities deur relevante bewyse te gebruik om jou lyn van agrument te ondersteun.	Die Swartmagbeweging was gemoeid met die bevordering van swart mag, die vestiging van swart trots en die ontwikkeling van selfrespek onder AfroAmerikaners. Stem jy saam met die stelling? Ondersteun jou argument met relevante bewyse.	Verduidelik tot watter mate die Swartmagbeweging suksesvol was in die organisering van Afro-Amerikaners in die VSA om die diskriminasie en segregasie volgens ras tydens die 1960's uit te daag. Ondersteun jou antwoord met relevante historiese bewyse.

Beantwoord die vraag:	Ja, noem tot (hoe baie) mate jy met die stelling saamstem (gebruik die 5Ws).
Waarom is dit so:	Gee 'n rede waarom jy so sê
Wat gaan jy bespreek:	Gee so 2/3 voorbeelde van wat in jou opstel gaan kom

Hoe om my paragrawe te skryf:

P – Punt	V- Verduidelik	B - Bewyse	S – Skakel
• Gebruik Wat en Wie • Wat is my hoofpunt? • Wie is betrokke?	• Gebruik Wanneer, Waar en Wat het gebeur • Wanneer het dit gebeur? • Waar het dit gebeur? • Wat het gebeur wat my punt bewys?	• Gebruik Waarom en Hoe • Waarom is die bewyse belangrik? • Hoe ondersteun dit my punt?	• Skakel terug na die vraag. • Wys hoe jou punt die vraag beantwoord.

Slot:

Bevestig weer die argument:	Daarom kan daar geargumenteer word dat…. (gebruik weer 5w's van inleding)
Gee 'n rede daarvoor:	Gee 'n rede vir jou argument, gebruik een van die voorbeelde in die opstel